Inligting is ook bekom vanaf aandelemakelaars, eiendomsagente, genomineerde maatskappye (met aandele wat in hulle naam geregistreer is, maar wat deur nie-inwoners besit word), finansiële instellings soos banke, versekeraars, pensioenfondse, effektetrusts en deelnemingsverbandskemas. In totaal is meer as 22 000 vraelyste aan organisasies in die land versend. Talle ander instansies is onregstreeks gedek – die deposito's van 'n aansienlike aantal emigrante by 'n Suid-Afrikaanse bank is byvoorbeeld deur 'n enkele opgawe bekom wat deur daardie bank ingedien is.

Waardasie- en tydaansuiwering

Vir doeleindes van die 1995-sensus is waardasiemetodes soortgelyk aan dié van die 1989-sensus gebruik. Organisasies is toegelaat om balansstaatgegevens teen mark- of boekwaardes of, waar van toepassing, teen oordragkoste tussen geaffilieerde maatskappye te boek te stel. 'n Buigsame benadering is derhalwe in die waardering van buitelandse laste en bates van die land gebruik. Uitstaande laste/bates is teen netto waarde, markwaardes of boekwaardes gewaardeer, afhangende van die soort las of bate wat betrokke is.

Gewone aandele met 'n belang in winste en reserwes is op grond van netto waarde gewaardeer, dit wil sê 'n proporsionele deel van die aandeelpremies, reserwes en onverdeelde winste van Suid-Afrikaanse ondernemings is aan buitelandse aandeelhouders toegedeel in verhouding tot hul persentasie-aandeel in die nominale waarde van die totale aandeelkapitaal. Ten einde fiktiewe boekwaardes van reserwes en onverdeelde wins te verhoed, is die reserwes aangepas om die verskil tussen mark- en boekwaardes van grond, geboue en konstruksiewerke in aanmerking te neem. Plase en ander vaste eiendom is teen geraamde markprysse waardeer. Alle ander buitelandse laste en bates is teen boekwaardes waardeer. Dieselfde waardasieprosedures is gevolg in die geval van Suid-Afrikaanse inwoners se belegging in buitelandse aandeelkapitaal en vaste eiendom.

Verslaggewende organisasies is versoek om alle buitelandse laste en bates wat in buitelandse geld-eenhede betitel is na randwaardes om te skakel teen die middelmarkwisselkoers wat aan die einde van 1995 geheers het. Uitsonderings is gemaak in daardie gevalle waar laste en bates deur termynvalutakontrakte gedek is. In hierdie gevalle is verslaggewende instansies versoek om die gekontrakteerde prys te gebruik vir die

omskakeling van die betrokke buitelandse valutabedrae na randbedrae. Die waardasie van buitelandse laste en bates in rand het beteken dat die uitstaande bedrae op verskillende datums nie slegs die “werklike” veranderinge in die gesamentlike waarde van nuwe beleggings en onttrekking van beleggings of nuwe lenings aangegaan en lenings afgelos weerspieël het nie, maar ook veranderinge in die wisselkoers van die rand. Waardasie-aansuiweringe wat uit wisselkoersbewegings voortspruit, bemoeilik altyd die vergelyking van balansstaat-totale op verskillende tydstippe.

Die tydstip waarop transaksies in finansiële eise aangeteken word, is ook belangrik. In ooreenstemming met die aanbevelings van die Internasionale Monetêre Fonds, is die prosedure aanvaar om 'n transaksie aan te teken wanneer die krediteur en die debiteur die eis en/of die las in hul rekeningkundige stelsels te boek stel. Alle buitelandse transaksies is vir die kalenderjaar 1995 in die geheel gesommeer, terwyl die waardes van uitstaande laste en bates soos op 31 Desember 1995 bepaal is. In die samestelling van die land se internasionale beleggingsposisie, was gegewens ten opsigte van aandeelpremies, reserwes en onverdeelde winste van buitelandse ondernemings nie altyd aan die einde van die kalenderjaar beskikbaar nie. In daardie gevalle is die finansiële jaareinde naaste aan die einde van die kalenderjaar gevolglik vir die teboekstelling aanvaar.

Begrippe en definisies

Die begrippe en definisies wat in die sensus gebruik is, berus op internasionale standaarde wat deur die Internasionale Monetêre Fonds in sy *Betalingsbalans-handleiding* neergelê is, en wat ietwat vir Suid-Afrikaanse omstandighede aangepas is.

Binnelandse gebied

Die binnelandse gebied van Suid-Afrika verwys na die Republiek van Suid-Afrika.

Inwoner van Suid-Afrika

'n Inwoner van Suid-Afrika word omskryf as:

- 'n individu wat in Suid-Afrika woon, of van plan is om in Suid-Afrika te woon of sy hoofkwartier in Suid-Afrika te maak vir 'n tydperk van twaalf opeenvolgende maande of langer;
- 'n organisasie wat in Suid-Afrika sake doen, met die uitsondering van enige buitelandse diplomatieke of militêre sending of verteenwoordiger in Suid-Afrika; en
- 'n Suid-Afrikaanse ambassade of konsulaat in die buiteland.

In die geval van individue word die begrip “inwoner” omskryf om alle persone in te sluit wat anders as op 'n tydelike grondslag in Suid-Afrika woon. Sulke individue word gesien as persone wat hul “belangegebied” in Suid-

Afrika het. In die besonder sluit inwoners van Suid-Afrika alle persone in wat in die binnelandse gebied van Suid-Afrika woon, behalwe trekarbeiders, toeriste, bemanningslede van skepe of vliegtuie en amptelike diplomatieke en konsulêre verteenwoordigers.

Organisasies wat in Suid-Afrika sake doen, sluit in openbare owerhede, openbare korporasies, maatskappye, takke, nie-geïnkorporeerde ondernemings, boedels, trusts en nie-winssoekende organisasies wat met die produksie van goedere en dienste binne die gebied van Suid-Afrika gemoeid is, selfs al word dit deur nie-inwoners besit. Die omskrywing van 'n onderneming ingevolge die gebied waarin dit geleë is, maak dit meermale nodig om 'n enkele regspersoon (bv. 'n moedermaatskappy wat in een land sake doen en sy nie-geïnkorporeerde tak in 'n ander land) in twee of meer afsonderlike ondernemings te verdeel. Internasionale kontrakteurs wat kontrakwerk in minder as een jaar in Suid-Afrika voltooi, word as nie-inwoners beskou, maar as die konstruksiewerk langer as een jaar duur, word hulle as inwoners van Suid-Afrika beskou. In ooreenstemming met die beginsels wat deur die Internasionale Monetêre Fonds neergelê is, word alle laste en bates van buitelandse prinsipale as buitelandse laste en bates beskou, selfs al sou Suid-Afrikaanse agente transaksies namens die buitelandse prinsipale doen.

Buitelandse bates

Buitelandse bates sluit die volgende bates in wat deur inwoners van Suid-Afrika besit word:

- aandele- en ander eienaarsbelang in buitelandse organisasies, insluitende kapitaalaandele in die geval van vennootskappe;
- finansiële en ander eise teen nie-inwoners, insluitende eise teen buitelandse bankinstellings en effekte wat deur buitelandse owerhede uitgereik is;
- buitelandse papiergeld en munt;
- vaste eiendom en plase, insluitende verbeterings, wat in die buiteland geleë is;
- voorrade en ander fisiese bates wat in die buiteland geleë is (Suid-Afrikaanse goedere in transito word as binnelandse bates beskou);
- versekeringspolis wat deur buitelandse versekeringsorganisasies uitgereik is;
- huurkontrakte, konsessies en grond- of minerale regte in die buiteland; en
- patente, handelsmerke en soortgelyke regte wat aan buitelanders toegestaan is.

Buitelandse laste

Buitelandse laste sluit die volgende binnelandse bates in wat deur nie-inwoners besit word:

- aandele- en ander eienaarsbelang in Suid-Afrikaanse organisasies, insluitende kapitaalaandele in die geval van vennootskappe;
- finansiële en ander eise teen inwoners van Suid-Afrika, met inbegrip van eise teen Suid-Afrikaanse

banke en sekuriteite wat deur instellings in die openbare en private sektore van Suid-Afrika uitgereik is;

- papiergeld en munt van Suid-Afrika;
- vaste eiendom en plase, insluitende verbeterings, wat in Suid-Afrika geleë is;
- voorrade en ander fisiese bates wat in Suid-Afrika geleë is;
- versekeringspolis wat deur versekeringsorganisasies wat inwoners van Suid-Afrika is;
- huurkontrakte, konsessies en grond- of minerale regte in Suid-Afrika; en
- patente, handelsmerke en soortgelyke regte wat aan inwoners van Suid-Afrika toegestaan is.

Regstreekse belegging

By die opname en ontleding van buitelandse laste en bates is dit belangrik om tussen regstreekse belegging en ander soorte belegging te onderskei vanweë die wesenlike verskille in die neem van beleggingsbesluite van so 'n uiteenlopende aard. In die geval van regstreekse belegging bestaan daar 'n besondere verwantskap tussen die transakteurs: een instelling is potensieel daartoe in staat om 'n betekenisvolle invloed oor die bedrywighede van 'n ander in 'n ander land uit te oefen. Die voordele wat regstreekse beleggers verwag om uit hul beleggings te verkry, verskil van die verwagtings van ander beleggers. Regstreekse beleggers is in die posisie om nie net inkomste op die kapitaalbelegging te ontvang nie, maar ook ander voordele soos bestuursfooie, die uitbreiding van uitvoermarkte of die beveiliging van grondstofbronne. In teenstelling hiermee word portefeuljebeleggers primêr aangespoor deur armlengte-oorewegings soos inkomste, kapitaalappresiasie, bemarkbaarheid, belastingvoordele en die veiligheid van kapitaal.

Die skeidslyn tussen regstreekse en onregstreekse belegging is nie klinkklaar nie. In ooreenstemming met die *Betalingsbalanshandleiding*, word 'n sekere minimumvlak van eienaarsbelang meestal beskou as 'n aanduiding van effektiewe seggenskap in die bestuur van 'n onderneming. Hierdie maatstaf word hoofsaaklik gebruik om regstreekse belegging in Suid-Afrika te omskryf, maar voorsiening word ook gemaak vir ander metodes waardeur nie-inwoners 'n effektiewe seggenskap in die bestuur van 'n Suid-Afrikaanse onderneming mag bekom.

Belegging deur buitelanders in Suid-Afrikaanse ondernemings word as regstreekse belegging beskou as dit die volgende behels:

- besit van 'n tak of deelname van buitelanders in 'n vennootskap in Suid-Afrika; of
- eienaarskap van ten minste 10 persent van die stemreg in 'n organisasie in Suid-Afrika deur een buitelandse inwoner of verskeie geaffilieerde buitelandse inwoners; of
- eienaarskap van minder as 10 persent van die stemreg in 'n organisasie in Suid-Afrika, mits die buitelandse inwoners nogtans in staat is om 'n effek-

tiewe seggenskap in die beleid van die organisasie uit te oefen, soos byvoorbeeld ingevolge tantieme- en bestuursooreenkomste.

Volgens hierdie beskrywing mag nie-inwoners individueel minder as 10 persent van die stemreg in 'n Suid-Afrikaanse organisasie besit maar nogtans as regstreekse beleggers beskou word indien hulle geaffilieerde organisasies en/of persone is wat gesamentlik ten minste 10 persent van die stemreg besit. Geaffilieerde organisasies en/of persone sluit in:

- getroude pare, hul direkte voorouers, en hulle kinders;
- broers en susters;
- boedels en trusts en hul begunstigdes; en
- met betrekking tot 'n bepaalde organisasie, alle ander organisasies of persone in dieselfde land wat elkeen ten minste 10 persent van die stemdraende aandele, of vergelykbare eiendomsreg, van eersgenoemde organisasie besit.

Regstreekse belegging is beperk tot kapitaal wat deur die regstreekse belegger voorsien word, hetsy regstreeks of deur middel van ander ondernemings wat aan die betrokke belegger verwant is. Dit sluit alle kapitaal in wat deur die regstreekse belegger voorsien is, dit wil sê eienaarsbelang, herbelegging van winste toeskryfbaar aan die regstreekse belegger, langtermynleningskapitaal, enige ander vorm van langtermynkapitaal, en korttermynkapitaal.

Insgelyks word Suid-Afrikaanse belegging in buitelandse ondernemings as regstreekse belegging beskou indien dit bestaan uit:

- eienaarskap van 'n tak of deelname deur 'n Suid-Afrikaanse instelling in 'n buitelandse vennootskap; of
- eienaarskap van ten minste 10 persent van die stemreg in 'n buitelandse organisasie deur een Suid-Afrikaanse inwoner of verskeie geaffilieerde Suid-Afrikaanse inwoners; of
- eienaarskap van minder as 10 persent van die stemreg in 'n buitelandse organisasie met dien verstande dat die Suid-Afrikaanse inwoners nogtans in staat is om 'n effektiewe seggenskap in die beleid van die organisasie uit te oefen, soos byvoorbeeld ingevolge tantieme- en bestuurs-ooreenkomste.

In die praktyk is dit nie altyd moontlik om die gesamentlike regstreekse belegging van Suid-Afrikaanse inwoners in die buiteland vas te stel nie, veral nie waar Suid-Afrikaanse aandeelhouders individueel minder as 10 persent van die totale stemreg in die buitelandse onderneming besit nie. Waar nie-inwoners individueel minder as 10 persent van die totale stemreg in 'n Suid-Afrikaanse onderneming besit maar in totaal meer as 10 persent hou en in werklikheid geaffilieerd is, mag dit insgelyks nie altyd moontlik wees om vas te stel of hulle verwant is nie, wat tot 'n ondertelling van die ware omvang van regstreekse belegging kan lei.

Onregstreekste belegging

Onregstreekse belegging verwys na alle buitelandse laste en bates wat nie as regstreekse belegging omskryf word nie.

Openbare owerhede

Openbare owerhede sluit die Sentrale Regering, provinsiale regerings en plaaslike owerhede in.

Openbare korporasies

Openbare korporasies is organisasies wat deur 'n Wet van die Parlement ingelyf is, soos Eskom, Telkom SA Beperk, die Suid-Afrikaanse Poskantoor Beperk, Transnet Beperk, die Nywerheidsontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika Beperk, die volfiliale van openbare korporasies, landboubeheerrade en maatskappye wat deur die regering beheer word deur middel van aandeelhouding, stemreg of die aanstelling van die meerderheid van die lede van raad van direkteure.

Monetêre sektor

Die monetêre sektor sluit in die Suid-Afrikaanse Reserwebank, die Korporasie vir Openbare Deposito's, die Posspaarbank, die Land- en Landboubank van Suid-Afrika, banke en onderlinge banke.

Nie-monetêre private sektor

Die nie-monetêre private sektor verwys na alle persone en organisasies wat nie deel is van die openbare owerhede, openbare korporasies of die monetêre sektor nie.

Langtermynkapitaal

Langtermynlaste en -bates sluit in daardie laste en bates met 'n onbepaalde looptyd of met 'n oorspronklike vaste looptyd tot aflossing van langer as twaalf maande. Hierdie onderskeid is in ooreenstemming met die aanbevelings van die Internasionale Monetêre Fonds. Indien 'n las of 'n bate oorspronklik as lang termyn geklassifiseer is, sal dit altyd as lang termyn beskou word, selfs in die geval waar die uitstaande aflossingstermyn korter as een jaar word.

Korttermynkapitaal

Korttermynlaste en -bates sluit in daardie laste en bates wat op aanvraag betaalbaar is en laste en bates met 'n oorspronklike looptyd van twaalf maande of minder.

Nywerheidsklassifikasie

Vir doeleindes van die sensus van 1989 sowel as die van 1995, is organisasies volgens nywerheidssektor geklassifiseer op grond van die jongste beskikbare Standaard Nywerheidsklassifikasie van alle Ekonomiese Bedrywe (SNK) wat deur die Sentrale Statistiekdiens saamgestel is. Die 1989-sensus het van die vierde uitgawe van die SNK gebruik gemaak, en die 1995-sensus van die vyfde uitgawe wat in 1993 gepubliseer is. Die twee opeenvolgende klassifikasies het op die vlak van hoofnywerheidsgroepe taamlik goed ooreengestem.

Finansiële beheermaatskappye wat deel van die 1995-sensus was, is by die sektor finansies, versekering, vaste eiendom en sakedienste ingedeel en nie volgens die bedrywighede van hul filiale nie. Hierdie prosedure het verseker dat die resultate met dié van die sensus van 1989 vergelykbaar is.

Sekere balansstaatposte is terselfdertyd heringedeel. Lenings uit die buiteland aan die monetêre sektor wat na binnelandse instellings in die openbare en private sektor deurgeleen is, is as buitelandse laste van die eindgebruiker van die fondse of die uiteindelijke skuldenaar ingedeel. Vanaf 1989 is hierdie items ingedeel as korttermyn buitelandse laste van die monetêre sektor. Skuld wat aan buitelandse instansies verskuldig en ingevolge opeenvolgende spesiale ooreenkomste met buitelandse krediteure in medium- en langtermynlenings omgeskakel is, is insgelyks as langtermynlaste van die monetêre sektor pleks van laste van die oorspronklike skuldenaar ingedeel.

Buitelandse laste

Aan die einde van 1995 het Suid-Afrika se buitelandse laste R200,8 miljard beloop vergeleke met R86,4 miljard aan die einde van 1989 en R26,0 miljard aan die einde van 1980. Die gemiddelde jaarlikse koers van toename in buitelandse laste het van 14,3 persent gedurende die tydperk 1980 tot 1989 tot 15,1 persent van 1989 tot 1995 versnel. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het die land se totale buitelandse laste van 35,9 persent in 1989 tot 41,4 persent in 1995 toegeneem. Skerp toenames het voorgekom in die kategorie obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite.

Soos in Tabel 1 getoon word, bestaan Suid-Afrika se buitelandse laste hoofsaaklik uit langtermynlaste. Hierdie laste wat volgens die opnames van 1956, 1973 en 1980 meer as 80 persent van totale buitelandse laste bedra het, het in 1989 tot 65,5 persent van buitelandse laste gedaal voordat dit tot 69,3 persent aan die einde van 1995 toegeneem het. Die aandeel van korttermyn buitelandse laste, wat volgens die opnames van 1956, 1973 en 1980 tussen 15 en 19 persent van totale buitelandse laste beloop het, het in 1989 tot 34,5 persent gestyg, waarskynlik vanweë die handels- en beleggingsanksies teen die land in die tagtigerjare. Die relatiewe aandeel van korttermyn buitelandse laste het later tot 30,7 persent in 1995 gedaal.

Die toename in die aandeel van langtermyn buitelandse laste tussen 1989 en 1995 kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n verdere skerp styging in die relatiewe belangrikheid van obligasies, leningseffekte en ander soortgelyke sekuriteite. In verhouding tot totale buitelandse laste, het hierdie soort laste van 4,1 persent in 1980 tot 11,7 persent in 1989 en 21,4 persent in 1995 toegeneem. Terselfdertyd het die relatiewe aandeel van verbande en langtermynlenings van 26,5 persent in 1989

Tabel 1. Persentasie-aandeel van die hoofgroepe van buitelandse laste

	1956	1973	1980	1989	1995
Langtermynlaste					
Aandelekapitaal.....	23,1	10,4	6,8	2,8	1,9
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins.....	38,2	44,5	42,7	24,0	25,4
Saldo's van takke en vennootskappe	3,0	2,0	0,7	0,2	0,2
Obligasies, lenings-effekte en soortgelyke sekuriteite.....	4,4	4,2	4,1	11,7	21,4
Verbande en langtermynlenings.....	15,1	20,6	25,7	26,5	19,5
Ander langtermynkapitaal.....	0,4	1,1	1,3	0,3	0,9
Totale langtermynlaste.....	84,2	82,8	81,3	65,5	69,3
Korttermynlaste	15,8	17,2	18,7	34,5	30,7
Totale buitelandse laste.....	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0

tot 19,5 persent in 1995 gedaal. Die aandeel van aandelepremies, reserwes en onverdeelde winste, waarna gesamentlik as eienaarskapitaal verwys word, het bykans onveranderd op ongeveer 27 persent gebly. Die waarde van eienaarskapitaal het egter van R23,2 miljard in 1989 tot R54,9 miljard in 1995 toegeneem.

Te oordeel aan buitelandse belegging in aandele wat op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer is, het totale eienaarsbelang wat deur nie-inwoners gehou word R18,5 miljard aan die einde van 1995 beloop as die netto-waardemetode die grondslag vir waardasie is.

Disinvestering uit die land het 'n belangrike verskuiving in die samestelling van buitelandse laste van regstreekse na onregstreekse belegging gedurende die tagtigerjare meegebring. Soos in Tabel 2 getoon word, het die aandeel van regstreekse belegging deur buitelanders van 49,6 persent van totale buitelandse laste aan die einde van 1956 tot ongeveer 23,7 persent aan die einde van 1989 gedaal, maar daarna weer tot 26,9 persent aan die einde van 1995 toegeneem. Buitelandse regstreekse belegging het aan die einde van 1995 hoofsaaklik uit langtermynkapitaal en in die besonder, eienaarsbelang bestaan. Eienaarsbelang wat deur regstreekse beleggers gehou is, het van R16,1 miljard aan die einde van 1989 tot R36,3 miljard aan die einde van 1995 toegeneem. In verhouding tot regstreekse belegging, het eienaarsbelang van 78,7 persent aan die einde van 1989 tot 67,2 persent aan die einde van 1995

Tabel 2. Persentasie-aandeel van regstreekse en onregstreekse belegging in Suid-Afrika

Sensusjaar	Regstreekse belegging	Onregstreekse belegging	Totale buitelandse laste
1956	49,6	50,4	100,0
1973	53,8	46,2	100,0
1980	47,3	52,7	100,0
1989	23,7	76,3	100,0
1995	26,9	73,1	100,0

gedaal, terwyl die relatiewe aandeel van verband- en langtermynlenings oor dieselfde tydperk van 6,5 tot 12,8 persent gestyg het. Regstreekse korttermynlaste het ook van die einde van 1989 tot aan die einde van 1995 van 13,1 tot 16,0 persent toegeneem.

Die relatiewe aandeel van onregstreekse belegging in totale buitelandse laste het van 76,3 persent aan die einde van 1989 tot 73,1 persent aan die einde van 1995 gedaal. Hierdie afname het saamgeval met 'n daling in die aandeel van verbande en langtermynlenings van 32,7 persent van totale onregstreekse belegging aan die einde van 1989 tot 22,0 persent aan die einde van 1995. Gedurende dieselfde tydperk het die relatiewe aandeel van onregstreekse buitelandse belegging in obligasies, leningseffekte en ander soortgelyke sekuriteite van 15,3 persent van totale onregstreekse buitelandse belegging tot 29,3 persent in 1995 gestyg.

Aan die einde van 1995 het buitelandse belegging in die nie-monetêre private sektor R89,9 miljard beloop, vergeleke met R44,0 miljard aan die einde van 1989. Die aandeel van die nie-monetêre private sektor in totale buitelandse laste het nietemin van 51,4 persent aan die einde van 1989 tot 44,8 persent aan die einde van 1995 afgeneem. Die gesamentlike aandeel van openbare owerhede, die monetêre sektor en openbare korporasies het gevolglik oor dieselfde tydperk toegeneem, hoofsaaklik vanweë 'n skerp toename in buitelandse belegging in leningseffekte van die openbare sektor en 'n styging in die korttermyn buitelandse laste van die monetêre sektor.

'n Verdeling van buitelandse belegging in Suid-Afrika volgens soort ekonomiese bedrywigheid aan die einde van 1995 toon dat 78,7 persent van die totale buitelandse beleggingsbedrag in vier sektore gekonsentreer was, naamlik:

- finansies, versekering, vaste eiendom en sake-dienste;
- fabriekswese;
- gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste; en
- elektrisiteit, gas en water.

Tabel 3. Komponente van regstreekse en onregstreekse belegging in Suid-Afrika

	1989		1995	
	R miljoene	Persen- tasie van aandeel	R miljoene	Persen- tasie van aandeel
Regstreekse belegging				
Lang termyn	17 774	86,9	45 433	84,0
Aandelekapitaal.....	2 212	10,8	2 649	4,9
Aandelepremie, reserwes en on- verdeelde wins.....	13 887	67,9	33 690	62,3
Saldo's van takke en vennoot- skappe.....	149	0,7	385	0,7
Obligasies, lenings- effekte en soort- gelyke sekuriteite....	10	0,1	40	0,1
Verbande en lang- termynlenings.....	1 324	6,5	6 960	12,8
Ander langtermyn- kapitaal.....	192	0,9	1 709	3,2
Kort termyn	2 685	13,1	8 667	16,0
Totale regstreekse buitelandse belegging.....	20 459	100,0	54 100	100,0
Onregstreekse belegging				
Lang termyn	38 856	58,9	93 712	63,9
Aandelekapitaal.....	255	0,4	1 204	0,8
Aandelepremie, reserwes en on- verdeelde wins.....	6 889	10,4	17 325	11,8
Obligasies, lenings- effekte en soortge- lyke sekuriteite.....	10 108	15,3	42 964	29,3
Verbande en lang- termynlenings.....	21 557	32,7	32 202	22,0
Ander langtermyn- kapitaal.....	47	0,1	17	0,0
Kort termyn	27 107	41,1	52 992	36,1
Totale onregstreekse buitelandse belegging	65 963	100,0	146 704	100,0

Die sektore mynbou en steengroewery; vervoer, opberging en kommunikasie; groot- en kleinhandel, verversing en akkommodasie was vir 20,9 persent van

totale buitelandse belegging verantwoordelik, terwyl buitelandse belegging in die sektore landbou, bosbou en visserij en konstruksie betreklik gering was.

Die Europese lande was nog steeds die belangrikste bron van buitelandse kapitaal vir die Suid-Afrikaanse ekonomie. Die aandeel van Europese lande in Suid-Afrika se buitelandse laste het egter van 64,3 persent aan die einde van 1989 tot 57,9 persent aan die einde van 1995 afgeneem. Oor dieselfde tydperk het 'n ooreenstemmende toename in die aandeel van lande in Noord- en Suid-Amerika, Asië en Afrika voorgekom.

Buitelandse bates

Aan die einde van 1995 het Suid-Afrika se buitelandse bates, met inbegrip van die goudgedeelte van internasionale reserwes, R123,6 miljard beloop, vergeleke met R51,2 miljard aan die einde van 1989. Nadat Suid-Afrika se buitelandse bates gedurende die tydperk 1980 tot 1989 teen 'n gemiddelde koers van 16,1 persent per jaar toegeneem het, het die koers van toename in die daaropvolgende ses jaar tot Desember 1995 tot 15,8 persent afgeneem. Totale buitelandse bates as persentasie van die bruto binnelandse produk het aan die einde van 1995 egter op 25,5 persent te staan gekom – heelwat meer as die verhouding van 21,3 persent wat aan die einde van 1989 behaal is.

Aan die einde van 1995 het die nie-monetêre private sektor R93,5 miljard of 75,7 persent van die land se buitelandse bates besit. Hierdie aandeel was effens laer as die verhouding van 76,8 persent wat aan die einde van 1989 aangeteken is. Die grootste deel van die nie-monetêre private sektor se buitelandse beleggings in 1995 het uit eienaarsbelang in buitelandse ondernemings bestaan.

Hoofsaaklik vanweë waardasie-aansuiwerings wat uit die laer buitelandse waarde van die rand spruit, het regstreekse belegging in buitelandse ondernemings aan

Tabel 4. Persentasie-aandeel van Suid-Afrika se regstreekse en onregstreekse belegging in die buiteland

Sensusjaar	Regstreekse belegging	Onregstreekse belegging	Totale buitelandse bates
1956	29,6	70,4	100,0
1973	42,0	58,0	100,0
1980	32,0	68,0	100,0
1989	66,2	33,8	100,0
1995	68,9	31,1	100,0

Tabel 5. Persentasie-aandeel van die hoofgroepe van buitelandse bates

	1956	1973	1980	1989	1995
Langtermynbates					
Aandelekapitaal	12,2	9,5	4,6	3,5	5,9
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins	7,9	22,2	19,3	59,8	55,8
Saldo's van takke en vennootskappe	5,4	0,2	0,4	0,0	0,0
Obligasies, lenings-effekte en soortgelyke sekuriteite	4,2	0,8	0,7	0,2	1,3
Verbande en langtermynlenings	3,8	7,8	9,2	3,9	8,0
Ander (insluitende IMF-kwota)	15,0	10,2	6,7	6,5	6,2
Totale langtermynbates	48,5	50,7	40,9	73,9	77,2
Korttermynbates	51,5	49,3	59,1	26,1	22,8
Totale buitelandse bates	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0

Tabel 6. Persentasieverspreiding van buitelandse bates volgens geografiese gebied

	1989		1995	
	R miljoen	Persentasie van totaal	R miljoen	Persentasie van totaal
Europa	34 978	68,3	86 210	69,8
Noord en Suid-Amerika	5 311	10,4	11 543	9,3
Afrika	3 549	6,9	6 751	5,5
Asië	1 016	2,0	2 525	2,0
Oseanië	29	0,1	224	0,2
Internasionale organisasies en ongeïdentifiseerde lande*	6 274	12,3	16 327	13,2
Totaal	51 157	100,0	123 580	100,0

* Insluitende goud


die einde van 1995 tot 68,9 persent van buitelandse bates gestyg, vergeleke met 'n verhouding van 66,2 persent aan die einde van 1989. Soos wat in die lig van bestaande deviesebeheermaatreëls verwag kon word, was regstreekse buitelandse belegging in die besit van die nie-monetêre private sektor hoofsaaklik in die vorm van eienaarsbelang. Onregstreekse buitelandse belegging het op sy beurt hoofsaaklik bestaan uit korttermyn buitelandse valuta-reserwes van die monetêre sektor, ledebydraes tot internasionale organisasies, handelsfinansiering van die nie-monetêre private sektor en, meer onlangs, ook 'n toename in die besit van buitelandse obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite as gevolg van bateruiltransaksies.

'n Indeling van Suid-Afrika se buitelandse bates volgens geografiese gebiede het getoon dat die deel van die bates wat in Europese lande gehou is sedert die einde van 1989 tot aan die einde van 1995 effens toegeneem het. Die persentasie-aandeel van beleggings in ander geografiese gebiede, veral Noord- en Suid-Amerika en Afrika, het gedaal ten koste van bates wat in internasionale organisasies of in ongeïdentifiseerde lande gehou is.


Slotopmerkings

Deelname in die wêreld se finansiële netwerk hou baie voordele vir Suid-Afrika in. Internasionale kapitaal-vloeiinge vul binnelandse besparing aan en help met die finansiering van die invoer van kapitaal- en intermediaêre goedere wat met vinniger ekonomiese groei gepaard gaan. Die Vyfde Sensus stel gegewens beskikbaar wat as hoogtemerke dien om Suid-Afrika se voortgesette inskakeling by die internasionale ekonomie op stelselmatige en omvattende wyse dop te hou.


Grafiek 1: Suid-Afrika se internasionale beleggingsposisie




Grafiek 2: Persentasie-aandeel van regstreekse en onregstreekse belegging in Suid-Afrika




Grafiek 3: Persentasie-aandeel van Suid-Afrika se regstreekse en onregstreekse belegging in die buiteland




Grafiek 4: Komponente van regstreekse en onregstreekse belegging in Suid-Afrika, 31 Desember 1995




Grafiek 5: Komponente van regstreekse en onregstreekse belegging in die buiteland, 31 Desember 1995




**Grafiek 6: Buitelandse laste volgens soort
ekonomiese bedrywigheid, 31 Desember 1995**



**Grafiek 7: Suid-Afrika se buitelandse laste
volgens geografiese gebied, 31 Desember 1995**



**Grafiek 8: Suid-Afrika se buitelandse bates
volgens geografiese gebied, 31 Desember 1995**



Statistical tables
Statistiese tabelle

TABEL 1
BUITELANDSE LASTE VAN SUID-AFRIKA
VOLGENS GESELEKTEERDE LANDE, 31 DESEMBER 1995
R miljoene

	EUROPA							
	EUROPE							
	VK UK	Duitsland Germany	Switserland Switzerland	Luxemburg Luxembourg	Frankryk France	België Belgium	Nederland Netherlands	Oostenryk Austria
Registreerke belegging								
Monetêre sektor	1 085	106	159	12	1 985	-	56	-
Lang termyn	65	72	91	12	189	-	56	-
Kort termyn	1 020	34	68	-	1 796	-	-	-
Nie-monetêre-private sektor	17 570	19 221	4 601	412	918	345	4 468	215
Lang termyn	16 840	6 916	4 171	411	795	238	4 192	202
Gewone en ander aandele, nominale waarde	566	768	285	8	74	46	297	28
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins	13 243	5 425	3 526	329	592	136	3 345	32
Saldo's van takke en vennootskappe	79	1	-	-	13	-	4	37
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite	14	10	9	-	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	2 628	612	331	69	104	40	520	22
Ander	310	100	20	5	12	16	26	83
Kort termyn	730	2 305	430	1	123	107	276	13
Totale registreerke belegging	18 655	9 327	4 760	424	2 903	345	4 524	215
Onregistreerke belegging								
Openbare owerhede.....	2 979	2 543	3 328	531	310	230	75	107
Lang termyn	2 979	2 543	3 328	531	310	230	75	107
Kort termyn	-	-	-	-	-	-	-	-
Openbare korporasies	4 340	9 702	7 614	539	1 317	648	103	326
Lang termyn	4 009	9 427	7 579	539	1 238	648	103	326
Kort termyn	331	275	35	-	79	-	-	-
Monetêre sektor	8 300	1 940	1 394	186	3 085	366	314	149
Lang termyn	1 722	497	270	15	353	-	106	26
Kort termyn	6 578	1 443	1 124	171	2 732	366	208	123
Nie-monetêre-private sektor	9 901	2 549	2 623	372	1 951	1 558	263	294
Lang termyn	7 964	1 223	1 928	360	1 480	1 396	70	247
Gewone en ander aandele, nominale waarde	473	20	44	26	8	35	8	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins	5 665	131	1 291	233	239	1 347	20	5
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite	6	229	1	-	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	1 820	842	592	101	1 233	14	42	242
Ander	-	1	-	-	-	-	-	-
Kort termyn	1 937	1 326	695	12	471	162	193	47
Totale onregistreerke belegging	25 520	16 734	14 959	1 628	6 663	2 802	755	876
Totale belegging								
Openbare owerhede.....	2 979	2 543	3 328	531	310	230	75	107
Lang termyn	2 979	2 543	3 328	531	310	230	75	107
Kort termyn	-	-	-	-	-	-	-	-
Openbare korporasies	4 340	9 702	7 614	539	1 317	648	103	326
Lang termyn	4 009	9 427	7 579	539	1 238	648	103	326
Kort termyn	331	275	35	-	79	-	-	-
Monetêre sektor	9 385	2 046	1 553	198	5 070	366	370	149
Lang termyn	1 787	569	361	27	542	-	162	26
Kort termyn	7 598	1 477	1 192	171	4 528	366	208	123
Nie-monetêre-private sektor	27 471	11 770	7 224	784	2 869	1 903	4 731	509
Lang termyn	24 804	8 139	6 099	771	2 275	1 634	4 262	449
Gewone en ander aandele, nominale waarde	1 039	788	329	34	82	81	305	28
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins	18 908	5 556	4 817	562	831	1 483	3 365	37
Saldo's van takke en vennootskappe	79	1	-	-	13	-	4	37
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite	20	239	10	-	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings.....	4 448	1 454	923	170	1 337	54	562	264
Ander	310	101	20	5	12	16	26	83
Kort termyn	2 667	3 631	1 125	13	594	269	469	60
Totale buitelandse laste	44 175	26 061	19 719	2 052	9 566	3 147	5 279	1 091

TABEL 1
BUITELANDSE LASTE VAN SUID-AFRIKA
VOLGENS GESELEKTEERDE LANDE, 31 DESEMBER 1995
R miljoen

	EUROPA							
	EUROPE							
	VK UK	Duitsland Germany	Switserland Switzerland	Luxemburg Luxembourg	Frankryk France	België Belgium	Nederland Netherlands	Oostenryk Austria
Regstreekse belegging								
Monetêre sektor	1 085	106	159	12	1 985	-	56	-
Lang termyn	65	72	91	12	189	-	56	-
Kort termyn	1 020	34	68	-	1 796	-	-	-
Nie-monetêre-private sektor	17 570	19 221	4 601	412	918	345	4 468	215
Lang termyn	16 840	6 916	4 171	411	795	238	4 192	202
Gewone en ander aandele, nominale waarde	566	768	285	8	74	46	297	28
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins	13 243	5 425	3 526	329	592	136	3 345	32
Saldo's van takke en vennootskappe	79	1	-	-	13	-	4	37
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite	14	10	9	-	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings	2 628	612	331	69	104	40	520	22
Ander	310	100	20	5	12	16	26	83
Kort termyn	730	2 305	430	1	123	107	276	13
Totale regstreekse belegging	18 655	9 327	4 760	424	2 903	345	4 524	215
Onregstreekse belegging								
Openbare owerhede	2 979	2 543	3 328	531	310	230	75	107
Lang termyn	2 979	2 543	3 328	531	310	230	75	107
Kort termyn	-	-	-	-	-	-	-	-
Openbare korporasies	4 340	9 702	7 614	539	1 317	648	103	326
Lang termyn	4 009	9 427	7 579	539	1 238	648	103	326
Kort termyn	331	275	35	-	79	-	-	-
Monetêre sektor	8 300	1 940	1 394	186	3 085	366	314	149
Lang termyn	1 722	497	270	15	353	-	106	26
Kort termyn	6 578	1 443	1 124	171	2 732	366	208	123
Nie-monetêre-private sektor	9 901	2 549	2 623	372	1 951	1 558	263	294
Lang termyn	7 964	1 223	1 928	360	1 480	1 396	70	247
Gewone en ander aandele, nominale waarde	473	20	44	26	8	35	8	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins	5 665	131	1 291	233	239	1 347	20	5
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite	6	229	1	-	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings	1 820	842	592	101	1 233	14	42	242
Ander	-	1	-	-	-	-	-	-
Kort termyn	1 937	1 326	695	12	471	162	193	47
Totale onregstreekse belegging	25 520	16 734	14 959	1 628	6 663	2 802	755	876
Totale belegging								
Openbare owerhede	2 979	2 543	3 328	531	310	230	75	107
Lang termyn	2 979	2 543	3 328	531	310	230	75	107
Kort termyn	-	-	-	-	-	-	-	-
Openbare korporasies	4 340	9 702	7 614	539	1 317	648	103	326
Lang termyn	4 009	9 427	7 579	539	1 238	648	103	326
Kort termyn	331	275	35	-	79	-	-	-
Monetêre sektor	9 385	2 046	1 553	198	5 070	366	370	149
Lang termyn	1 787	569	361	27	542	-	162	26
Kort termyn	7 598	1 477	1 192	171	4 528	366	208	123
Nie-monetêre-private sektor	27 471	11 770	7 224	784	2 869	1 903	4 731	509
Lang termyn	24 804	8 139	6 099	771	2 275	1 634	4 262	449
Gewone en ander aandele, nominale waarde	1 039	788	329	34	82	81	305	28
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins	18 908	5 556	4 817	562	831	1 483	3 365	37
Saldo's van takke en vennootskappe	79	1	-	-	13	-	4	37
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite	20	239	10	-	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings	4 448	1 454	923	170	1 337	54	562	264
Ander	310	101	20	5	12	16	26	83
Kort termyn	2 667	3 631	1 125	13	594	269	469	60
Totale buitelandse laste	44 175	26 061	19 719	2 052	9 566	3 147	5 279	1 091

TABLE 1
FOREIGN LIABILITIES OF SOUTH AFRICA
BY SELECTED COUNTRIES, 31 DECEMBER 1995
R millions

				NOORD- EN SUID-AMERIKA NORTH AND SOUTH AMERICA				
Lichtenstein	Italië	Ander	Totaal	VSA	Bahamas	Ander	Totaal	
Lichtenstein	Italy	Other	Total	USA	Bahamas	Other	Total	
-	-	128	3 531	-	-	4	4	Direct investment
-	-	116	601	-	-	4	4	Monetary sector
-	-	12	2 930	-	-	-	-	Long term
476	311	1 324	39 861	6 881	20	929	7 830	Short term
449	274	1 001	35 489	6 214	15	852	7 081	Non-monetary private sector
58	44	30	2 204	310	3	59	372	Long term
218	190	813	27 849	4 475	10	543	5 028	Ordinary and other shares, nominal value
37	-	13	184	120	1	9	130	Share premium, reserves and undistributed profit
1	-	-	34	6	-	-	6	Branch and partnership balances
133	22	100	4 581	814	1	218	1 033	Debentures, loan-stock and similar securities
2	18	45	637	489	-	23	512	Mortgages and long-term loans
27	37	323	4 372	667	5	77	749	Other
476	311	1 452	43 392	6 881	20	933	7 834	Short term
								Total direct investment
								Non-direct investment
38	31	1 081	11 253	5 934	251	34	6 219	Public authorities
38	31	1 081	11 253	5 934	251	34	6 219	Long term
-	-	-	-	-	-	-	-	Short term
99	117	290	25 095	14 795	1	38	14 834	Public corporations
99	3	201	24 172	14 653	1	37	14 691	Long term
-	114	89	923	142	-	1	143	Short term
-	7	77	15 818	9 448	-	233	9 681	Monetary sector
-	-	-	2 989	1 203	-	54	1 257	Long term
-	7	77	12 829	8 245	-	179	8 424	Short term
57	626	525	20 719	14 798	89	575	15 462	Non-monetary private sector
46	69	229	15 012	11 431	84	294	11 809	Long term
1	-	7	622	474	1	10	485	Ordinary and other shares, nominal value
45	-	51	9 027	7 437	55	41	7 533	Share premium, reserves and undistributed profit
-	-	-	236	1 790	-	-	1 790	Debentures, loan-stock and similar securities
-	69	171	5 126	1 730	28	243	2 001	Mortgages and long-term loans
-	-	-	1	-	-	-	-	Other
11	557	296	5 707	3 367	5	281	3 653	Short term
194	781	1 973	72 885	44 975	341	880	46 196	Total non-direct investment
								Total investment
38	31	1 081	11 253	5 934	251	34	6 219	Public authorities
38	31	1 081	11 253	5 934	251	34	6 219	Long term
-	-	-	-	-	-	-	-	Short term
99	117	290	25 095	14 795	1	38	14 834	Public corporations
99	3	201	24 172	14 653	1	37	14 691	Long term
-	114	89	923	142	-	1	143	Short term
-	7	205	19 349	9 448	-	237	9 685	Monetary sector
-	-	116	3 590	1 203	-	58	1 261	Long term
-	7	89	15 759	8 245	-	179	8 424	Short term
533	937	1 849	60 580	21 679	109	1 504	23 292	Non-monetary private sector
495	343	1 230	50 501	17 645	99	1 146	18 890	Long term
59	44	37	2 826	784	4	69	857	Ordinary and other shares, nominal value
263	190	864	36 876	11 912	65	584	12 561	Share premium, reserves and undistributed profit
37	-	13	184	120	1	9	130	Branch and partnership balances
1	-	-	270	1 796	-	-	1 796	Debentures, loan-stock and similar securities
133	91	271	9 707	2 544	29	461	3 034	Mortgages and long-term loans
2	18	45	638	489	-	23	512	Other
38	594	619	10 079	4 034	10	358	4 402	Short term
670	1 092	3 425	116 277	51 856	361	1 813	54 030	Total foreign liabilities

TABEL 1
BUITELANDSE LASTE VAN SUID-AFRIKA
VOLGENS GESELEKTEERDE LANDE, 31 DESEMBER 1995 (vervolg)
R miljoene

	AFRIKA AFRICA					ASië ASIA		
	Botswana	Lesotho	Swaziland	Ander	Totaal	Japan	Hongkong	Taiwan
	Botswana	Lesotho	Swaziland	Other	Total	Japan	Hong Kong	Taiwan
Registreerksse belegging								
Monetêre sektor	-	-	-	-	-	-	-	58
Lang termyn	-	-	-	-	-	-	-	58
Kort termyn	-	-	-	-	-	-	-	-
Nie-monetêre-private sektor	61	24	117	354	556	152	241	167
Lang termyn	46	17	106	312	481	121	232	156
Gewone en ander aandele, nominale waarde	1	-	5	1	7	-	34	13
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins	-	-	18	-	18	19	117	87
Saldo's van takke en vennootskappe	-	-	-	2	2	66	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite	-	-	-	-	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings	11	-	31	18	60	22	56	50
Ander	34	17	52	291	394	14	25	6
Kort termyn	15	7	11	42	75	31	9	11
Totale registreerksse belegging	61	24	117	354	556	152	241	225
Onregistreerksse belegging								
Openbare owerhede	183	-	2	5	190	1 062	109	46
Lang termyn	183	-	2	5	190	1 062	109	46
Kort termyn	-	-	-	-	-	-	-	-
Openbare korporasies	-	6	1	227	234	3 116	232	10
Lang termyn	-	6	1	12	19	3 006	232	10
Kort termyn	-	-	-	215	215	110	-	-
Monetêre sektor	1 205	930	351	1 068	3 554	323	265	1 260
Lang termyn	-	-	-	-	-	160	27	53
Kort termyn	1 205	930	351	1 068	3 554	163	238	1 207
Nie-monetêre-private sektor	163	12	82	413	670	797	187	189
Lang termyn	143	-	54	108	305	8	14	1
Gewone en ander aandele, nominale waarde	1	-	1	13	15	-	4	-
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins	139	-	4	18	161	5	4	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite	-	-	-	-	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings	3	-	49	65	117	3	6	1
Ander	-	-	-	12	12	-	-	-
Kort termyn	20	12	28	305	365	789	173	188
Totale onregistreerksse belegging	1 551	948	436	1 713	4 648	5 298	793	1 505
Totale belegging								
Openbare owerhede	183	-	2	5	190	1 062	109	46
Lang termyn	183	-	2	5	190	1 062	109	46
Kort termyn	-	-	-	-	-	-	-	-
Openbare korporasies	-	6	1	227	234	3 116	232	10
Lang termyn	-	6	1	12	19	3 006	232	10
Kort termyn	-	-	-	215	215	110	-	-
Monetêre sektor	1 205	930	351	1 068	3 554	323	265	1 318
Lang termyn	-	-	-	-	-	160	27	111
Kort termyn	1 205	930	351	1 068	3 554	163	238	1 207
Nie-monetêre-private sektor	224	36	199	767	1 226	949	428	356
Lang termyn	189	17	160	420	786	129	246	157
Gewone en ander aandele, nominale waarde	2	-	6	14	22	-	38	13
Aandelepremie, reserwes en onverdeelde wins	139	-	22	18	179	24	121	87
Saldo's van takke en vennootskappe	-	-	-	2	2	66	-	-
Obligasies, leningseffekte en soortgelyke sekuriteite	-	-	-	-	-	-	-	-
Verbande en langtermynlenings	14	-	80	83	177	25	62	51
Ander	34	17	52	303	406	14	25	6
Kort termyn	35	19	39	347	440	820	182	199
Totale buitelandse laste	1 612	972	553	2 067	5 204	5 450	1 034	1 730

1. Sluit ongeïdentifiseerde lande in.

TABLE 1
FOREIGN LIABILITIES OF SOUTH AFRICA
BY SELECTED COUNTRIES, 31 DECEMBER 1995 (continued)
R millions

			OCEANIE OCEANIA			Internasio- nale organi- sasies ¹	TOTAAL	
